

### Tafelberg word 'n eiland

**N**adat ek my lewenservaringe en beskouinge daarvoor afgesluit het, het ek hierdie gedeelte geskrywe. Ek het lank op twee gedagtes gehink. Dit is in elk geval iets wat die mense wat daardeur geraak gaan word, nie sal wil hoor nie en nie sal wil glo nie. Ek kan nie sê dat die Here dit vir my gesê het nie; ek kan alleen maar vertel wat telkens in my opgekom het wanneer ek Tafelberg en die gebied wat vanaf sy voet begin en al langs die bergreeks deurloop, sien tot waar dit weer by die see aansluit by Vishoek by die suidoostelike kant van die bergreeks. Ek sien die hele bergreeks omring deur die see; Tafelberg en die hele bergreeks word 'n eiland. Wat ek telkens ervaar het, is vir my in elk geval so 'n werklikheid dat ek nie beweeg sal kan word om dáár te bly nie.

Wanneer ek vra: "Hoe sal dit gebeur?" dan kom die antwoord: "Deur middel van 'n aardbewing." Dit gaan 'n skeur veroorsaak wat die see vanaf Kaapstad al langs die bergreeks tot by Vishoek gaan verbind. Dit sal nie geleidelik kom nie; dit sal baie vinnig plaasvind. Daar sal nie tyd wees vir mense om die ramp te ontvlug nie. Hoeveel huise onder die see gaan verdwyn, sal moeilik wees om vooraf te bepaal. Wanneer dit gaan gebeur, weet ek nie. Dit sal die grootste natuurramp wees wat ons land nog gaan tref.

Hierdie gewaarwording strek nou al oor baie jare. Ek vergeet daarvan, maar as ek in die Kaap kom, beleef ek dit keer op keer. Dalk is dit 'n profetiese insig (vgl Hand 11:28); dalk is dit 'n woord van kennis (vgl 1 Kor 12:8; Hand 5:1-11). Dit weet ek nie. Wat ek wel weet, is dat as ek daarvoor wil swyg, my gedagtes vir my sê: "Wat gaan jy doen wanneer dit gebeur en jy het die mense nie gewaarsku nie?"

Nadat ek bostaande woorde geskryf het, het ek nog eens getwyfel of ek dit wel in my boek moet insluit. Ek het myself afgevra: sal dit enige nuttige doel dien (vgl 1 Kor 12:7; 1 Pet 4:10) as die mense wat in dié area woon dit tog nie sal wil glo nie? Dié wat dit wel ernstig gaan opneem sal ongetwyfeld deur die ander gespot word om so iets belaglik te wil glo. Dit was seker ook so in die dae van Noag toe hy 'n "skip," die ark, gebou het op droë grond ver van die see. Hulle het seker gedink dat hy van sy verstand af moct wees, totdat die sondvloed gekom en hulle almal verdrink het (vgl Gen 6 en 7). So was dit nog altyd die lot van hulle wat die volk gewaarsku het: "*Maar hulle het die boodskappers van God uitgelag en sy woorde verag en met sy profete gespot, totdat die grimmigheid van die Here teen sy volk opgekom het, totdat daar geen genesing meer was nie*" (2 Kron 36:16).

Dan is daar natuurlik diegene wat deur praktiese omstandighede nie uit die gebied sal kan vertrek nie. Maar elke keer wanneer ek die gedcelte uit my boek wou uithaal, voel ek gemeen teenoor die mense wat deur die ramp getref gaan word. Ek het geweet en ek het hulle nie gewaarsku nie.

Wat my finaal laat besluit het om hierdie gedeelte nie weg te laat nie, was die woorde in Amos 3:6-8: "*Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die Here dit nie bewerk het nie? Want die Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie. Die leeu het gebrul, wie sal nie vrees nie? Die Here Here het gespreek, wie sal nie profeteer nie?*" Ek het toe ernstig tot die Here geroep om tog die gebied van dié ramp te spaar, want daar is baie mense en diere wat deur die ramp oorval gaan word. Ek het vir die Here gesê: "Here, as U dalk al besluit het om dié area te verwoes, dan vra ek U ernstig om asseblief van plan te verander" (vgl Am 7:1-3) en dié gebied te spaar soos wat U met Ninevé gedoen het" (Vgl Jona 3:4-10).

Alle gerigshandelinge van God, is natuurlik niks anders nie as heilshandelinge. Dit is nie om te vernietig nie, maar om te behou (vgl 1 Kor 11:31,32). Alle oordeelsaankondiginge van God om mense met een of ander ramp te tref, is

natuurlik altyd voorwaardelik. As die mense oor wie God onheil besluit het (vgl Jes 45:6,7; Klaagl 3:38), hulle bekeer van die boosheid waaroor God hulle wou straf, sal God berou hê oor die onheil wat Hy van plan was om hulle aan te doen (vgl Jer 18:7,8). Indien dit met die mense wat in dié area woon, sal gebeur en hulle bekeer van hul booshede, dan sal hierdie aankondiging in my boek 'n nuttige doel dien (vgl 1 Kor 12:7).

Ek maak geensins daarop aanspraak dat ek 'n profeet is nie, maar ek wect dat God my geroep het om my mense te vermaan en te leer en te waarsku wanneer dit nodig is. Soms laat God my dinge vooruit sien en dan gebeur dit net soos ek dit vantevore aangekondig het, soos byvoorbeeld toe die Here op 27 April 1994 ons Afrikanervolk in "ballingskap" geplaas het (vgl Job 12:23), presies soos ek dit in 1977 vanaf die kansel in Pretoria-Oos aangekondig het. Ek reken ook nie dat ek oor die gawe van heldersienheid beskik nie, maar soms gee die Here my 'n helder insig in dinge wat deur ander mense op dié tydstip glad nie raakgesien word nie, soos byvoorbeeld toe ek prominente leiers onder die Afrikaners tevergeefs teen die instel van 'n driekamerparlement vir Suid-Afrika gewaarsku het.